Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 | kerk@kerk.co.za | www.kerk.co.za | bfn_baptiste | Bloemfontein Baptiste Kerk

# KERN PERSPEKTIEF

## Deel 2 – Om God te Ken

**Eksodus 33:1-3** Toe het die Here vir Moses gesê: "Trek nou hiervandaan af weg, jy en die volk wat jy uit Egipte laat wegtrek het. Trek na die land toe wat Ek met 'n eed beloof het aan Abraham, Isak en Jakob toe Ek gesê het: 'Ek sal dit aan julle nageslag gee.' Ek sal my engel voor jou uit stuur en Ek sal die Kanaäniete, Amoriete, Hetiete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete verdryf. Julle is so 'n moedswillige volk dat Ek nie sal saamtrek na hierdie land wat oorloop van melk en heuning nie…

**Eksodus 33:13** As U my dan goedgesind is, maak my u wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag…

**Eksodus 33:16** Hoe sal die mense weet dat ek en u volk u goedgesindheid geniet as U nie saam met ons gaan nie? Dit is juis deurdat U met ons saamgaan dat ons, ek en u volk, anders is as al die ander volke op die aarde."

**Jeremia 31:34(AOV)** …hulle sal My almal ken…want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

**Matteus 11:27-28(DB)** …Wil julle die Vader so leer ken? Ek kan julle aan Hom voorstel. "Daarom wil Ek julle uitnooi: Voel julle moeg vir hierdie lewe? Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra? Het julle godsdiens leeg geword sodat dit julle geestelike dors nie meer les nie? Kom na My toe!

## Hoe kan ek God beter leer ken?

1. ____________________ Jesus volg .

**Johannes 1:18(NLV)** Niemand het God not ooit gesien nie. Sy enigste Seun wat self ook God en baie na aan die Vader is, het Hom aan ons kom bekendmaak.

**1 Johannes 5:20** En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die ware God te ken…

**Johannes 17:3** En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

2. ____________________ om Jesus te volg.

**Johannes 10:14** Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My…

**Johannes 10:27** My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My.

3. ____________________ saam met God.

**Spreuke 3:6** Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

4. Hanteer ____________________ in jou lewe.

**1 Johannes 3:6(NLV)** Elkeen wat in 'n hegte verhouding met Hom leef, hou nie aan sonde doen nie.

**1 Johannes 2:4** Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.

**1 Johannes 1:3** Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

***Ons bestaan om God te ken en***
***Hom bekend te maak,***
***terwyl ons mekaar liefhet.***